# 3 Februarie 2024 - Lesing - Riglyne vir die Gilgalwiel gebed

JoHshua 4-6

4:19 En die volk het op die tiende van die eerste maand uit die Jordaan uit opgetrek en laer opgeslaan **by Gilgal**, aan die oostelike grens van Jérigo.
4:20 En daardie twaalf klippe wat hulle uit die Jordaan geneem het, het JeHôWshua **by Gilgal** opgerig.

5:9 Toe het JaHWeH vir JeHôWshua gesê: Vandag het Ek die skande van Egipte volledig van julle weggeneem. **Daarom het hulle dié plek Gilgal genoem tot vandag toe.**

Jos 5:13 En terwyl JeHôWshua by Jérigo was, slaan hy sy oë op en kyk, en daar staan **'n Man teenoor hom met 'n ontblote swaard in Sy Hand;** en JeHôWshua het na Hom gegaan en Hom gevra: Behoort U by ons of by ons vyande? [DaniEl 10:5]
Jos 5:14 En Hy sê: Nee, maar **Ek is die Leërowerste van JaHWeH;** Ek het nou gekom. Toe val JeHôWshua met sy aangesig op die Aarde en buig hom neer en vra Hom: Wat wil my Meester aan Sy dienskneg sê?
Jos 5:15 Toe sê die Leërowerste van JaHWeH vir JeHôWshua: Trek jou skoene van jou voete af, **want die plek waar jy op staan, Apartheid is dit**. En JeHôWshua het so gedoen.

Jos 6:1 MAAR Jérigo het die **poort gesluit en gesluit gehou vanweë die kinders van JisraEl**; niemand het uit- of ingegaan nie.
Jos 6:2 Toe het JaHWeH vir JeHôWshua gesê: Kyk, Ek gee Jérigo met haar koning en dapper dapperes in jou hand.
Jos 6:3 Julle moet dan om die stad trek, al die krygsmanne; trek die stad een maal om; so moet jy doen **ses dae** lank.
Jos 6:4 En **sewe** priesters moet **sewe** ramshorings voor die aangesig van die Ark dra; maar op die **sewende** dag moet julle die stad **sewe** maal omtrek; en die priesters moet op die horings blaas;

**Rigters 2:1** TOE trek die Boodskapper van JaHWeH **van Gilgal** op na Bogim en sê: Ek het julle uit Egipte laat optrek en julle gebring in die Aarde wat Ek julle vaders met 'n eed beloof het, en gesê: **Ek sal My Verbond met julle in ewigheid nie verbreek nie;**

Hebreërs 8

8:6 Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook **Middelaar is van 'n beter Verbond wat op beter beloftes Wetlik gegrond is.**
8:7 Want as daardie eerste een onberispelik was, sou daar nie plek vir 'n tweede gesoek word nie.
Heb 8:8 Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek JaHWeH, **dat Ek met die huis van JisraEl en die huis van JeHûWdah 'n Nuwe Verbond sal sluit, [JirmeJaH 31:31]**
Heb 8:9 nie soos die Verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit die Aarde van Egipte uit te lei nie - My Verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék hulle Besitter was, spreek JaHWeH. [JirmeJaH 31:32]
Heb 8:10 **Maar Sy is die Verbond** wat Ek ná dié dae met die huis van JisraEl sal sluit, spreek JaHWeH: **Ek gee My Wet in hulle binneste en skrywe Haar op hulle hart;** en Ek sal vir hulle 'n Elohim wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. [JeshaJaH 8:16; JirmeJaH 31:33]
Heb 8:11 En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken JaHWeH; **want hulle sal My almal ken,** klein en groot onder hulle, spreek JaHWeH, [JirmeJaH 31:34]

Hebreërs 12

18 Want julle het **nie gekom** by 'n tasbare berg nie en 'n brandende vuur en donkerheid en duisternis en storm
19 en ramshoring-geklank en die geluid van woorde waarby die hoorders gesmeek het dat hulle geen Woord meer sou toegevoeg word nie -
22 Maar julle het gekom by die **Berg van Sion** en die Stad van die lewende Elohim, die **Hemelse Jerusalem** en **tienduisende Boodskappers**, [Openbaring 14:1-3]
23 by die feestelike vergadering en die **gemeente van eersgeborenes** wat in die Hemele opgeskrywe is, en by Elohim, die Regter van almal, en by **die geeste van die regverdiges wat vervolmaak is**, [Ode van Salomo 33:11]
24 en by **JaHWèshua, die Middelaar van die Nuwe Verbond,** en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.
25 Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as húlle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op Aarde 'n waarskuwing gegee het, veel minder Ons wat Ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die Hemele spreek.
26 Toe het Sy Stem die Aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die Aarde nie, maar ook die Hemele bewe.
27 En hierdie Woord: nog een maal, wys duidelik op **die verandering van die wankelbare dinge as geskape dinge, sodat die onwankelbare kan bly.**
28 Daarom, omdat Ons 'n **onwankelbare Koninkryk** ontvang, laat Ons dankbaar wees, en so Elohim welbehaaglik dien met eerbied en vrees.
29 Want Onse Elohey is 'n verterende vuur.

Opening van die energiepunte volgens "JaHshua die Gesalfde leer: Die weg na eenheid deur die liefde".

Die Nuwe Gelofte te Gilgal Klipwiel gegee op 28 Oktober 2008 aan die Dogter van Sion

INLEIDING

My lieflingskinders, hoor die stem van jul Vader. Ek, die Heilige, die Ewige, spreek; julle gelofte sal julle doen ter bevryding van julle volk, omdat Ek julle gekies het as tussenpersone, as middelaars en verteenwoordigers van My volk. Ek wil julle gebruik ter verlossing van die reine en onreine wat nog te red is in My mense. Ek is Sion se Man. Sion is My Bruid en Ek sal Myself bekend maak in haar. **Julle gelofte en klipstapel** sal die simboliek wees vir die oprigting van die pilaar in My volk ter bevryding van haar. Ek sê: Wees geseënd in My aarde, want Ek het julle vrygekoop en daarom woon julle in haar. Wees geseënd terwyl Ek, die Leeu van Judah langs julle loop en julle dade betrag. Wees geseënd met My Krag en outoriteit om die bose te kan bind om My volk te kan red. **Ek sal My gelofte met julle sluit ter wille van julle volk**, want omdat opregtes in My volk is, daarom sal Ek hulle spaar, maar reinig. Ek sal reiniging bring vir die wat nog skoon kan kom.

DIE VERBOND

My verbond met julle is die volgende:

Ek, as Vader van alles, rig My verbond op met die geseëndes in Liefdeskrag, My reine blom, wat haar knie nie voor Baäl gebuig het nie. Julle is My pilaar, My vesting vir My volk. Julle sal julle lewens aflê vir hulle wie My moet dien in die woestyn. **Julle sal hulle uitlei en bring in die land Kanaän** as julle My take noukeurig sal opvolg. Ek wil hê dat julle monument vir ewig sal staan en so is My ewige verbond met julle gesluit om vir julle 'n Man te wees en julle, **saam met julle susters, Judah en IsraEl**, My ewige bruid wie Ek sal verlos in die nag wat kom en wat alreeds saamgepak het oor julle, My Lig op aarde. Dit is My verbond: Verlossing.

DIE GELOFTE

Julle gelofte is as volg:

Onse El, ons Vader, ons ewige Man, vir U ons Meester en vir ons volk. **Voor U en U skare van engele in hemel en op aarde,** maak ons dié gelofte, dat ons U Huis sal bou, die Vesting vir die Dogter van Sion. **Ons en ons vaders**, die vaders van hemel en aarde staan as een, met een hart, deur U verenig om U Liefde en U Barmhartigheid te bring tot diegene wat suiwer van hart en wese voor U mag staan. Ons bring ons lewens **as eersgeborenes** uit U Lewe en offer dit aan U, ons Maker en ons Man, sodat U kinders en naamgenote hulle **skuiling en ewige verweer sal vind in die Huis deur U gestig**. Neem ons lewens as offer, sodat ons mag terugkeer na ons Bron, sodat U Naam geheilig mag word en U ewige Apartheid mag heers in ons in die ewigheid. U Naam ter ere, Amein.